

## HUBERTUS ELFFERS SE BETEKENIS VIR DIE VRYSTAATSE ONDERWYS TUSSEN DIE JARE 1888-1893 — II

*Die taal van die veroweraars in die mond van die verowerde is die taal van slawe — Pres. M. T. Steyn.*

Op 6 Maart 1888 beveel John Brebner, destydse inspekteur van Onderwys aan dat Hubertus Elffers as hoofonderwyser op Smithfield aangestel sal word. Mej. van Pelt, sy skoonsuster, het as een van sy assistente opgetree.<sup>21</sup>

Al gou het Elffers hard begin werk in sy nuwe werkkring in die Vrystaat. In 'n brief,<sup>22</sup> gedateer 24 Maart 1890, meld hy die volgende aan John Brebner: „Wij hebben ons be-ywer de school, die wij twee jaren gelede als eene Engelsche aanvaardden, omzigtelik om te leiden en haar een nationaal karakter te geven.” Hy het 'n begin met Hollandse onderwys by die laer klasse gemaak en selfs by die hoër klasse, het hy gepoog om Hollands as medium van onderwys in te voer. So wou hy die Dietse identiteit van die Afrikanerkind handhaaf, en het selfs hierna steeds bly pog om in die Vrystaat 'n suiwer Hollands-georiënteerde onderwysstelsel tot stand te bring. Die rede waarom hierdie poging eers later beloon is, was as gevolg van die „neutrale houding”<sup>23</sup> wat John Brebner teenoor die taalkwessie ingeneem het. Intussen egter, het Elffers hard gewerk om die onderwys op 'n standaard te bring, wat, na sy mening, voldoende sou wees om die kind vir die toekoms te wapen. Dat hierdie ywer van Elffers nie ongesiens verbygegaan het nie, word bewys deur 'n skrywe van John Brebner op 5 Junie 1888 aan die Goewermentsekretaris, nl.: „Ik meen dat de heer Elffers een bekwame onderwijzer is en eene aanwinst voor die staat . . .”<sup>24</sup> Dit was Elffers se standpunt dat die volk teen die indringing van die uitlander beskerm moet word — en die enigste beskerming, was geleë in 'n behoorlike onderwys.

Nadat hy ruim anderhalf jaar in die Vrystaat werksaam was, die onderwystoestande aldaar bestudeer het, het hy in *Die Express en Oranje Vrijstaatsch Advertentieblad*<sup>25</sup> 'n reeks artikels onder die skuilnaam *Onderwijs in den Vrijstaat* geskryf. Hy het aanvanklik incognito geskryf omdat hy bang was dat as hy sy naam bekend sou maak, die saak skade sou ly en dit beskou sou word as maar net weer die murmurering van 'n ontevrede onderwyser.<sup>26</sup>

21. Prinsloo, A. A.: *Die Geskiedenis van Smithfield in die Caledondistrik* (1819-1952), bl. 422.
22. Bloemfontein Staatsargief: G.S. 1038, *Argiefstuk No. 1759*.
23. Van Schoor, M. C. E.: *Onderwys in die Vrystaat uit Onderwys in Suid-Afrika*. Onder redaksie van J. C. Coetzee, bl. 142.
24. Bloemfontein Staatsargief: *Briewe van die Inspekteur van Onderwys aan die Goewermentssekretaris* te Bloemfontein, G.S. 1033, bl. 55.
25. Hierna aangehaal as net *De Express*.
26. *De Express*, 18 Maart 1890.

Elffers se kritiek was teen die onderwysstelsel wat destyds van krag was. Die situasie in die onderwys in die Vrystaat teen 1889 was kortliks soos volg: Daar het privaat skooltjies op die boereplase bestaan wat van rondgaande onderwysers gebruik gemaak het. Hierdie onderwysers is deur die ouers gehuur om vir hul kinders skool te hou. Die onderwys was dikwels van 'n swak gehalte omdat daar van die eerste die beste leermeester gebruik gemaak is. Soldate en matrose wat gedros het, oudjoernaliste, persone wat deur die bekoring van die vreemde buiteland 'n „wanderlust” ontwikkel het, en dergelike ander, is vir dié doel gebruik. Dieselfde standaard van onderwys as wat die ouers self gehad het, is voldoende geag. Hierdie houding is deur Volksraadslid D. J. A. van Niekerk in die Volksraadsitting van 1891 vetrolk toe hy beweer het dat daar nou wel deur geleerdheid groot manne in die wêreld na vore getree het, maar dat sonder geleerdheid net sulke groot manne in die wêreld opgestaan het — dat 'n mens nie geleerd hoef te wees om 'n volksleier te wees nie.<sup>27</sup>

Die destydse onderwyswet van die Vrystaat het nie vir verpligte onderwys voorsiening gemaak nie. Dit het die ouers vry gestaan om te vereis hoeveel onderwys die kind mag geniet. Gewoonlik is die kind, nadat hy die eerste beginsels van lees en skryf onder die knie gekry het, uit die skool geneem om met die boerdery en huishouding behulpsaam te wees. Dit is gedoen omdat daar destyds nie voldoende arbeidskragte beskikbaar was nie. Onderwys was alleen van waarde insoverre dit die kind vir „aanneming”<sup>28</sup> voorberei het. Sodra die kind belydenis van geloof afgelé het, is hy as volleerd beskou. Volksraadslid H. Klijnveld het met betrekking tot verpligte onderwys en wel met die oog op die arbeidstekort gesê dat dit wreed is om 'n mens „te dwingen zijn arbeid te laten staan en zijn kind af te geven”.<sup>29</sup> Hierdie uitspraak tesame met die voorafgaande hierbo kan as 'n barometer vir die stand van die onderwys gebruik word: as van die volksraadslede<sup>30</sup> hulle só uitlaat, kon die groot meerderheid van die volk moontlik ook in dié rigting gedink het.

Daar het ook wykskole, wyddorpskole en distrikskole bestaan wat gedeeltelik of geheel onder goewermentstoetsig gestaan het. Op dié goewermentsskole is onderwysers teen 'n geringe salaris aangestel. Die onderrig moes in beide Hollands en Engels aan alle klasse gegee word. Kinders kon enige tyd van die jaar ingeskryf word. Die onderwyser het 'n subsidie van die owerheid ontvang, terwyl die res van sy besoldiging van die ouers gekom het wie se kinders op skool was. Hierdie skoolgelde wat die ouers moes betaal, is deur die penningmeester van die skoolkommissie ingevorder. Die Penningmeester het die reg gehad om ouers vir agterstallige skoolgelde te dagvaar. Die invordering van dié gelde kon ook

27. *Index op de Verrichtingen van de H.Ed. Volksraad in zijne gewone jaarlijkse zitting van 1891.* bl. 233. Hierna aangehaal as net *O.V.S. Volksraadsnotule.*

28. Hierdie woord is en word nog algemeen gebruik vir die aflegging van geloofs-belydenis. Later is dit ook spottenderwys „boerematriek” genoem.

29. *O.V.S. Volksraadsnotule, 1891,* bl. 232.

30. *O.V.S. Volksraadsnotule, 1891.* Sien bl. 233-241.

aan iemand anders deur die penningmeester opgedra word en gewoonlik het die taak dan op die onderwyser self neergekom. Die onderwyser se salaris het dus afgehang van die aantal kinders op skool en was in werklikheid aan die genade van die ouers oorgelaat, wat na willekeur hul kinders uit die skool kon haal.

Verder het daar skoolkommissies bestaan waarvan die plaaslike landdros volgens wetgewing die voorsitter was. Die kommissie het verder uit vyf deur-die-publiek-verkose lede bestaan wat dan met onderwys sake behulpzaam moes wees soos bv. 'n elementêre inspeksie, gereelde besoeke aan die skool en die afneem van eksamens. Hulle moes een keer per maand vergader en het die reg gehad om kinders na willekeur uit die skool te neem. Weens gebrek aan belangstelling in die onderwys het die skoolkommissie partymaal sy plig verwaarloos en het hul taak op die onderwyser neergekom.

Inspeksie is jaarliks deur die inspekteur, John Brebner, waargeneem. Aangesien hy die hele Vrystaat se skole moes bedien, kan dit verstaan word dat, met die vervoermiddele tot sy beskikking, hy nie die reusetaak bevredigend kon uitvoer nie. Die onderwys het gevolglik nog verder daaronder gely.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die onderwystoestande in 1889 veel te wense oorgelaat het. Elffers, met sy aanleg vir onderwys, het dié toestand besef en gesien waarnatoe dit sou lei. Hy wou die dreigende gevaar van die uitlander-aasvoëls wat op die Vrystaat lê en loer het, die hoof bied. Afgesien van die reeks artikels in *De Express*, het hy ook lesings gehou oor die onderwystoestande. Sy artikels het egter korrespondensie in die koerante uitgelok en gevolglik word hy op die kommissie wat tydens die sitting van die Volksraad van 1889 vir die opstel van 'n onderwyswet benoem is, gekoöpteer. Baie van sy idees is dan ook in die Onderwyswet van 1891 opgeneem.

In genoemde reeks artikels wat op 12 November 1889 begin, bespreek hy die swakhede van die destydse onderwysstelsel asook moontlike oplossings. Hy skryf oor die volgende agt onderwerpe: Die taalkwessie; die onderwyser se posisie in die O.V.S.; die skoolkommissie; die inspeksie; die bevolking se houding; punte ter verbetering; die opvoeding van die ganse bevolking en verdere oplossings.

Sy artikels neem 'n aanvang met die volgende inleidende stellings: Die onderwys in die Vrystaat is nie bevredigend nie. Die stelsel is onvoldoende. Die mense is nie goed geskool nie, bekommer hulle weinig daaroor en het die onderwys ook nie lief nie. Die Vrystaatse stelsel is „verflenst, verroest, verouderd, versleten, onnet geworden . . .”<sup>31</sup>

Ten eerste trek hy te velde oor die taalkwessie. „De reden waarom ik dit onderwerp aanvaar, is ganselijk alleen, omdat niemand anders ermee voor het publiek komt, en het hoog tijd word dat er gesproken worde.”

31. *De Express*, 12 November 1889.

Op hierdie wyse het hy in die Vrystaat die taalprobleem in die onderwys pertinent onder die aandag gebring.

Hy krtiseer die spreektaal wat volgens hom nie Hollands en ook nie 'n taal is nie. „Ons land heeft geene taal.” Die spreektaal is 'n onding waarvan die volk nie in die Kerk of die nuusblaaie gebruik kan maak nie. Almal wil 'n verbeterde Afrikaans hê soos bv. die Kaapse taal wat deur die geleerdes gewysig en beskaaf is.<sup>32</sup> 'n Handjievul geleerdes kan nie die taal vir die mense inpomp nie. Die volk self moet met die hulp van buite, die taal fabriseer. Die Afrikaans, ook die taal van die Vrystaat, loop gevaar om „zwakker, naarder, laffer, flauwer, wezenloozter (help Vader Cats! waar vind ik woorden?) . . . ” te word.

Hy vrees dat die taal met Duits, Engels, Kaffertaal, Amerikaans en Italiaans deurspek sal word namate meer goud ontdek word. En as die spoorlyn na Delagoabaai voltooi is, sal Portugees ook nog sy invloed op dié jong taal hê. Elffers is dus bevrees dat in die toekoms die Afrikaanse taal nie meer 'n kenmerkende Dietse karakter sal dra nie.

Sy mening is dat as dié taalvermenging voortgaan, die Patriot nie later meer sal kan sê, dat ons skryf soos ons praat nie. Vir dié taal sal die normale langsame groei na 'n verbeterde taal nie meer moontlik wees nie. Die Transvaal swem in die goud en word Engels; die Vrystaat word die middelpunt van die spoorweë en verengels ook. Alhoewel selfs die Kapenaar, dit is die boer, klerk, geregsdienaar, ens. by Hollands sweer, is hulle taal tog deurspek met Engels; die taal wat hy sy kind nie wil laat leer nie.

Dit is goed dat daar in dié tyd manne soos Elffers na vore gekom het, wat om die behoud van die Dietse element ten opsigte van die taal geveg het — dié element wat so maklik in die mallemeule van 'n vinnige ontwikkeling verlore kon geraak het. In die poging tot materiële vooruitgang en in die vooruitgangsproses self, sou weinig gedink het aan die behoud van die taal — daar waar taal alleen kommunikasie-middel geword het. Hierdie manne se waarde lê daarin dat hulle vir die behoud van die tipiese volkselement geveg het deur die behoud van die Nederlandse taal, te probeer verseker het.

Hy bespreek dan die drie onderskeie rigtings van ontwikkeling wat destyds op taalgebied voorgestaan is, nl. die rigting van die Patriot (wat 'n suiwer Afrikaanse rigting voorstaan), die angliseringsproses en die pro-Hollandse rigting. Hy skryf die poging van die Patriot af. Die Patriot verklaar dat hy wil afdaal na die vlak van die volkspraak en die taal dan so ophef, maar die opheffing vind nooit plaas nie. Die Patriot beloof hulp maar gee dit nie omdat die redakteur te besig is met goudaandele en universiteitsaangeleenthede. In sy verwardheid in bogenoemde sake het S. J. du Toit selfs die Bybel in die „miselijk Patriots” probeer vertaal. Dit beteken dat Elffers regstreeks teen Afrikaans opgetree het.

32. Hy bedoel hier waarskynlik die stryd wat die voorstanders van die Hollandse Taalbond aangeknop het vir die behoud van suiwer Nederlands.

Die party wat vir Engels stry, is sterk en behaal nogal in 'n mate sukses. Dit bring Engels in die Kerk en in die skool. Die krag van hierdie groep lê in die „conversatie” en „correspondentie”. Dit was mos destyds beskaafd om Engels te praat in die Vrystaat en as iemand 'n gesiene jong dame in Hollands aangespreek het, is die rug hom toegekeer. Engels is ook die handelstaal en dit sê veel. Engels verdeel die volk, en dit is laakbaar, sê hy.

Die derde deel arbei vir Hollands — die opregte, onverbasterde, reine, kragtige en soetvloeiende Diets. Hollands bewaar die moedertaal en wil „verloren eigendomsrecht der Zuid-Afrikaansche haardsteë”<sup>33</sup> herwin; dit wil verbroeder en herenig. Dit is dus duidelik dat Elffers die spreektaal van die Vrystater wil handhaaf deur dit so na as moontlik aan die suiwer Hollands te hou.

Hy wys verder daarop dat tot 1884 daar oor die medium van skoolopleiding niks gesê is nie (Ord. van 1884, Afdeling 6, artikels 83-88). Hy veronderstel dat die bedoeling was dat die onderwyser hom sou aanpas by die kinders se taalkennis en sou moet kies tussen „Kaapsch te brabbelen, Hollands te spreek of in ‚high-flow English’ te ooreren”. Hy merk 'n aanhangsel in die gewysigde ordonnansie van 1889 betreffen die taalmedium by artikel 86: „Het onderwijs zal soo veel mogelijk door middel van de Hollandsche taal moeten gegeven worden”.<sup>34</sup> Dan wys hy op die insluiping van Engelse woorde onmiddellik hierna in dieselfde ordonnansie. Die woorde verskyn wel in aanhalingstekens in die bepaling vir die sillabus, byvoorbeeld „practice” en „mensuration”. Alhoewel daar in artikel 86 'n halfhartige poging vir Hollands aangewend word, Engels egter 'n baie vaste voet in die skool gevind het.

Hy maak beswaar teen die tweetalige onderrig van die kind vanaf sy eerste skooldag. Lees, spraakkuns en vertaling word in Hollands en Engels eweredig doseer. Die kinders word van die veld agter die skape uitgehaal, soos 'n Abel van ouds tussen die vullens uit en word in twee tale op dieselfde bank onderwys. Vertaling na beide kante en opstelle in beide tale moet geskryf word. Dit is niks anders as „zottepraat” nie. Nie eens in Europa, met sy jare van ondervinding of in die wonderland, Amerika, word dit gedoen nie — maar in die Vrystaat bestaan die onding.

Elffers het die volk die taaltoestand laat besef, veral op die gebied van die onderwys. Hy het ook getoon waar hy staan en watter ontwikkelingspad die jong taal behoort te neem. Hierdie artikel is met belangstelling gelees en het ook sommige penne aan die skrywe gebring. Hy is ook in die koerante hartlik ondersteun deur die publiek.

Elffers gee in die uitgawe van *De Express* van 18 Maart 1890 'n verdere bespreking, maak 'n belangrike bekentenis en gee 'n daadwerlike oplossing. Hy skryf: „Veelen meenen, dat ik zelf heb tot het oogenblik

33. *De Express*, 21 November 1889.

34. *t.a.p.*

waarop ik de Vrystaatsche toestanden leeren kennen, gemeend, dat de zaak van het Hollandsch zich zou voortslepen totdat het voor goed schipbreuk zou lijden, en in den doofpot ingaan; dat het verstandiger ware het Engelsch langzamerhand als volkstaal voor geheel Zuid-Afrika te erkennen, en zoo verder. Maar dat zijn ideën, die men te Kaapstad en hare omstreken inzuigt, en onmiddellik gelogenstrafte worden, wanneer men zich onder de klem van het eigenlijk volk van Zuid-Afrika begeeft. Daar leert men inzien dat het Hollandsch evenmin als het Engelsch van de baan kan geschoven worden, ja, en noch veel minder dan het Engelsch. Daar leert men begripen dat het Hollandsch de volkstaal staat te worden en het vereenigd Zuid Afrika der toekomst — een rijk dat het Engelsch eerbiedigen zal als taal van den handel, zoolang de betrekkingen tusschen Engeland en ons onveranderd zullen blijven voortbestaan; maar dié taal voor de Duitsche bv. verwisselen kan, wanneer in de loop der volgende eeuwen nieuw aan te knopen betrekkingen met Duitschland, Engeland en haar invloed in Zuid Afrika op den achtergrond zouden dringen.”

Elffers stel dat die Hollandse taal die standhoudende en wettige taal van die land is terwyl Engels afhanklik is van Suid-Afrika se handelsbelange met ander moondhede. Hy beskou Engels in die Vrystaat dus alleen as die taal van die handel en dit word dus deur hom nie as ’n landstaal getipeer nie. Die Afrikanervolk is ’n pittige volk met ’n eie nasionale gevoel en het ’n toekoms en hul taal mag nie van hulle weg-geneem word nie. „Met zijne taal ontnemt men het echter m.i. zijn bestaan”.<sup>35</sup>

Hy redeneer verder dat as almal Engels as ’n landstaal aanvaar, dit ’n afgesproke ooreenkoms, ’n onnatuurlike ding, ’n „afgesproken vereeniging” en nie ’n natuurlike assimilasië sal wees nie. As ’n taalkenner kon hy so iets nie aanvaar nie.

Hy kenskets Engels net soos enige ander vreemde taal, as ’n sekondêre taal — ’n taal wat alleer vir praktiese gebruik deur Suid-Afrika aangeleer moet word en wat nie ’n essensiële taal in Suid-Afrika moet wees nie. Hollands, die stamtaal, dit moet die taal van die volk wees.<sup>36</sup> Elffers kon op die stadium nog nie raaksien dat Nederlands toe lankal reeds vervang was deur Afrikaans in die mond van die Afrikaner nie.

Hy noem die feit „dat in beschaafde kringen de conversatie met dames in het Englesch gevoerd moet worden . . .”, ’n onding. Daaruit blyk dan dat Engels fatsoenliker as Hollands sou wees. Die volk moet in Hollands opgevoed word. Tweetaligheid, en selfs kennis van drie of meer tale, doen nie skade as die volk in sy eie taal opgevoed is nie. Maar om Hollands die volkstaal te maak, is dit nodig dat dié taal „op de scholen onbepaald gebied voerde”. In dier voege moet die Vrystaatse Volksraad ’n wet maak wat nie ontduik kan word nie. Daar is skole wat geheel en

35. *De Express*, 15 April 1890.

36. Hy bedoel hier die Dietse element in Suid-Afrika.

al ge-angliseerd is, dorpe waar die meerendeel van die bewoners Engels as voertaal vir die onderwys eis. Hierteen staan die onderwyser magteloos en 'n wet moet hom beskerm om die Hollandsmedium op skool te handhaaf. Die bepaling van die ordonnansie van 1889 „dat het Hollandsch zoveel mogelijk gebruik zal worden”, is onvoldoende. Indien die onderwyser op eie gesag die skool Hollandsmedium wil maak, neem die ouers hulle kinders daaruit en die skool loop leeg tot finansiële skade vir die pedagoog. Elffers spreek hier van ondervinding.

Hy beveel sterk aan dat 'n ordonnansie gepasseer sal word waardeur *alle* kinders sonder onderskeid hul eerste onderwys deur middel van Hollands gegee sal word, terwyl daarna die gevorderde onderrig in die verskillende vakke in Hollands of Engels kan wees, maar sodat Hollands ten minste vir die helfte van die vakke, die onderwysmedium sal wees.

In die konsepwet, wat hy help opstel het en in die onderwyswet wat tot stand gekom het in 1891 toe die Volksraad die konsepwet goedgekeur het, het Elffers sy sin gekry.

Hy het die moontlikheid geskep dat die Vrystaatse kind sy eerste opvoeding in sy eie taal sou geniet. 'n Vaste grondslag kon ook daar in die Vrystaat gelê word vir die behoud van 'n Dietse taalelement soos dit, trouens, altyd in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) die amptelike situasie was. Die geleentheid is hierdeur voorsien dat die Hollandse taal volle regmatige erkenning gekry het. Indirek het dit die Afrikaanse taal wat later erkenning sou kry, ook gebaat deurdat Afrikaans later in die weg wat Hollands teenoor die Engels gebaan het, tot erkende skryftaal sou kon groei.

Elffers het sy wens bewaarheid gesien in artikels 103 en 104 van die Onderwyswet van 1891. Artikel 103 het gelui: „Op alle scholen ten plattelande, door het Gouvernement ondersteund, zal het onderwijs door middel van het Hollandsch moeten gegeven worden zoodra de aantal noodige boeken in de taal zelve zijn vervaardigd en gedrukt”.<sup>37</sup> Hy het dus die onreëlmatigheid reggestel en deur sy pleidooi en invloed het Hollands tot sy reg gekom in die skool. Aan Engels is ook gedink. Artikel 57 van dieselfde onderwyswet bepaal: „Zij (die distriksonderwysers) zorgen voor grondig onderwijs in de Hollandsche en Engelsche taal”.<sup>38</sup> Dit het ten doel gehad dat die Engelse taal ook aangeleer sou moet word. Artikel 104 van die wet bevat die volgende woorde: „Het onderwijs op dorpen zal gegeven worden door middel van ééne taal, Hollandsch of Engelsch, naar verkiezing der ouders, tot en met standerd II, en daarna zullen beide talen kunnen gebezigt worden, met dien verstande, dat minstens de helfte der vakken door middel van de Hollandsch taal worde geleerd”.<sup>39</sup>

Ons merk dat in dié twee artikels vir beide tale voorsiening gemaak word met voorkeur aan die Hollandse taal. Omdat John Brebner destyds

37. *O.V.S. Volksraadsnotule*, 1891, bl. 270.

38. *O.V.S. Volksraadsnotule*, 1891, bl. 247.

39. *O.V.S. Volksraadsnotule*, 1891, bl. 273.

Superintendent van Onderwys was en aan roer van sake gestaan het, kan vermoed word dat Engels maar 'n lastige houvas in die skole bly behou het.<sup>40</sup>

In *De Express* van 19 November 1889 behandel Elffers die posisie waarin die Vrystaatse onderwyser hom toendertyd bevind het. Hy bespreek in hierdie artikel eers die beskouing wat die Vrystaatse publiek ten opsigte van die onderwyser gehuldig het, nl. dat hy iemand sou wees met 'n aangename betrekking en 'n gemaklike, gesellige dorpslewe met kontantgeld altyd in sy sak. Elffers beweer dan daarteenoor dat 'n onderwyser nie uit 'n salaris van £90 per jaar kan lewe nie indien hy, om sy werk behoorlik te kan doen, twee or meer assistente moes aanhou en gedeeltelik hulle salaris moes betaal nie.

Sy redenering kom kortliks neer op die volgende: Die distrikskool-onderwyser moet vir standerd een tot en met standerd ses onderrig gee. Dit omvat 38 vakke. Indien daar slegs vyftien minute aan 'n vak bestee word, sal hy nege en 'n half uur per dag werk, terwyl die hoër klasse drie van die vyf uur ledig sal sit. Die gevolg is dat hy tenminste twee assistente sal moet aanstel. Met die toelae van goewernementsweë plus die invorderings van ouers en met die vrye onderwys vir al die eersgeborenes van die arm gesinne daarteenoor, het Elffers uitgewerk dat die gemiddelde onderwyser met veertig kinders op skool en 'n netto-inkomste van £12.12.10 per maand, finansiële probleme moet ondervind, terwyl die lewenskoste ook nog styg.

Die onderwyser bevind hom ook in die onbenydenswaardige posisie dat as hy streng optree in sy tug, en somtyds strafmaatreëls moet toepas, die kinders dan die skool verlaat en die onderwyser dan met 'n verminderde inkomste gelaat word. Hy verval dus in die hand van sy „domme buurman of verwaande overbuur” — 'hulle van wie vyftig nie eers een onderwyser werd is nie.

Uit die koerante blyk dit duidelik dat Elffers geweet het waarvan hy praat en, alhoewel hy dit somtyds kras gestel het, die spyker tog op die kop geslaan het. Weer het die publiek gunstig gereageer met briewe wat Elffers se klagtes gesteun en sekerlik baie gehelp het om sy standpunt uit te dra na die volk. Die Vrystater het nie altyd baie hoë agting vir die onderwyser gehad nie. 'n Onderwyser is soms beskou as iemand wat nie in die „sweet des aanskyns” sy brood ge-eet het nie en wat nie met vereelde hande hard gewerk het nie. Dit is opvallende dat Volksraadslid S. P. Fouché, die onderwysers tydens die sitting van 1891 as „luiaards” getipeer het.<sup>41</sup>

In *De Express* van 18 Maart 1890, stel hy 'n verbetering in die toestand van sake voor. Tot en met hierdie artikel het hy onder die skuilnaam *Onderwijs in den Vrijstaat* geskryf. Na sy kritiek op die stelsel

40. Van Schoor, M. C. E.: *Onderwys in die Vrystaat uit Onderwys in Suid-Afrika*. Onder redaksie van J. Chris Coetzee, bl. 142.

41. *O.V.S. Volksraadsnotule*, 1891, bl. 239.



en die repliek daarop in die nuusblaai, stel hy hom nou bekend en kom met aanbevelings vorendag.

Hy het begin deur te pleit vir 'n beter salaris vir die onderwyser. Hierdie inkomste moet van die staat af kom, sodat die onderwyser nie vir sy daaglikse brood op die gemeenskap toegewys is nie. Die invordering van skoolgelde moet liefers nie deur die onderwyser gedoen word nie, maar deur die penningmeester van die Skoolkommissie. Die onderwyser moet 'n welbelese en welopgevoede man wees wat nie onophoudelik deur geldsorge van sy werk weggelei word nie. „Laat het land des onderwijzers inkomte bepalen, en het land zal onderwijzers krijgen niet alleen, maar ook houden”. Hy eis geen buitensporige salaris vir die onderwyser nie. Die meeste behoort 'n „stil en ingetoë” mens te wees, wat met 'n redelike salaris kan klaarkom. Die enigste wat hy vra, is die opbou van 'n onderwyserstand wat by die mense geag moet wees — dán sal die onderwyser 'n mens wees en nie 'n stuk deeg wat almal na hartelus kan knie nie.

Die feit dat Elffers vir beter onderwystoestande gepleit het, het hy ook 'n beter onderwys, wat noodwendig daaruit sou moes voortkom, in die oog gehad. Hy wou die onderwys 'n onafhanklike beroep maak. Maar dit blyk dat sy roepstem te vroeg vir die nog onvoorbereide akker van die Vrystaatse opvoedingsbesef gekom het.

In die konsepwet<sup>42</sup> vind ons dat die posisie van die onderwyser aansienlik verbeter is en dat die onderwyser in die geleentheid gestel is om sy werk onafhanklik en sonder bekommernis uit te voer. Volgens die derde artikel onder algemene bepalinge, word gestel dat die onderwysbegroting gebruik sal word o.a. vir die ondersteuning van onderwysers en oprigting van klaskamers en onderwyserswonings. Dit het die onderwyser al klaar in beter omstandighede geplaas. Artikel 43 bepaal dat die goewerment die onderwysers van hoër-, distriks-, wyks-, wyksdorp-, rondgaande-, hulp- en ook privaatonderwys sal besoldig. In artikels 59 tot 64 word die salarisse van die verskillende onderwysers bepaal. Hierdie artikels sou die finansiële posisie van die onderwyser baie verbeter het en hom 'n volle staatsamptenaar gemaak het.

Elffers se invloed kan in die konsepwet gesien word. Hy was lid van die kommissie van nege lede — waaronder drie Volksraadslede — waarvan die destydse skoolinspekteur, John Brebner, voorsitter was. Die konsepwet het gepoog om die onderwyser finansiël te bevoordeel. Hy sou as 'n staatsamptenaar ten volle deur die staat besoldig word. In die wet van 1891 self egter, het die Volksraad die vaste bedrag, scos deur die konsepwet aanbeveel, geskrap en as salaris vir die onderwyser bepaal 'n bedrag wat jaarliks deur die Volksraad in die onderwysbegroting vasgestel sou word. Dit blyk dat 'n vaste staatsinkomste vir die onderwyser op die langebaan geskuif is. Tog het die onderwyser, wat sy werk met myer gedoen het, volgens artikel 51 van die wet, 'n klein finansiële voor-

42. *Goevernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 16 Januarie 1891.

deel getrek. Hy sou 'n bonus aan die einde van die jaar ontvang vir elke kind wat goed geslaag het.

Deur die getuigskrifte wat die onderwyser moes toon, het artikel 44 die standaard van onderwysers asook die onderys self, verhoog. Die onderwys het deur die daaropvolgende artikels op 'n vaste voet gekom. Die kwalifikasies van die onderwysers is verhoog. Ook die privaatonderwysers, indien die onderwyser in aanmerking sou kom op grond van 'n erkende onderwyssertifikaat, is onder regeringstoedig gebring. Privaatonderwys het nie meer net die voorbereiding vir „aanneming” bevat nie, maar is as deel van die onderwysdepartement se werksaamhede geïnkorporeer. Die onderwyser het toe sy plek in die samelewing begin vind en 'n begin is gemaak vir die aanstelling van 'n meer erkende onderwysstand.

Ongelukkige is Elffers weg voordat hy ooggetuie kon wees van die verwesenliking van hierdie ideaal van hom. Hy moes bedank toe John Brebner hom in 'n brief van 20 Februarie 1892 gevra het om mee te werk vir die totstandkoming van 'n Vrystaatse Onderwysvereniging. Op 27 Februarie 1892<sup>43</sup> skryf hy dat hy nie meer kan meewerk nie, maar dat hy Brebner alle voorspoed toewens. Hy het toe op vertrek gestaan, terug na Kaapland.

P. D. Smit.

43. Bloemfonteinse Staatsargief: *Briewe inkomende van Smithfield aan die Superintendent van Onderwys* (geen verwysingsnommer).